Aan die AKL: Admin,

Eerstens, baie dankie dat u die tyd afstaan om die inskrywings korrek aan ons te stuur. Dit is 'n besige tyd vir enige kommando om al die kampinskrywings te hanteer – daarom waardeer ons u moeite opreg.

Net 'n paar belangrike dingetjies om te onthou:

- Ons kamp vanaf **1 - 8 April 2012** in die hartjie van die Waterberge.
- Sluitingsdatum vir inskrywings is stiptelik **Vrydag 9 Maart 2012**. Laat inskrywings veroorsaak altyd 'n logistieke uitdaging en daarom doen ons 'n beroep op u om betyds u inskrywings by ons te besorg. 'n Addisionele **R100 per inskrywing** sal gehef word op laat inskrywings. *Verkenners wie se inskrywingsvorms na die sluitingsdatum ontvang word sal nie noodwendig geakkommodeer kan word op die bus nie.*
- Kostes verbonde aan die kamp:

Busvervoer vanaf Kollonnade	-	R165 per persoon
Verkenners wat basiese kursusse doen	-	R710 per persoon
Verkenners wat ARA vlak 2 kursusse doen	-	R770 per persoon
Verkenners - Gevorderde boogskiet	-	R845 per persoon
Diensdoende offisiere	-	R440 per persoon
Laerskool leerlinge	-	R305 per persoon
Voorskoolse kinders	-	R105 per persoon

  Kampkoste sluit 'n cd met foto's aan alle kampeerders in.
- **Maak asseblief seker dat alle inskrywingsvorms volledig voltooi is voor u dit instuur.** Alle inskrywings **moet** die lid se Voortrekker registrasie nommer, volledige ID nommer en volledige mediese fonds besonderhede (indien van toepassing) bevat. Indien 'n vorm nie volledig ingevul is nie, sal die Verkenner se inskrywing ongelukkig nie aanvaar kan word nie.
- Maak asseblief seker dat die geld in ons bankrekening gedeponeer is wanneer u die inskrywings stuur en stuur **bewys van betaling** saam met die inskrywings. Ons bankrekening besonderhede is as volg:
  FNB, Bankcity
  Rekening naam: Die Voortrekkers – Rhus keetikamp
  Rekening nommer: 62213031503
  Takkode: 250805
- Voltooi asseblief die kommando opgaafvorm volledig en stuur saam met die inskrywingsvorms.
- Persone is slegs ingeskryf as die volledige inskrywingsvorm en bewys van betaling ontvang is. Opgaafvorms word nie gereken as 'n inskrywing nie. Geen plek word vir Verkenners gehou by 'n spesifieke kursus of op die bus as die inskrywingsvorm nie ontvang is nie.
- Indien 'n Verkenner vir 'n kursus wil inskryf waar daar slegs beperkte aantal kursusgangers aanvaar word, moet die inskrywingsvorm so spoedig moontlik aangestuur word om plek te verseker.
- U kan die inskrywings aanstuur per e-pos na nikkik@iburst.co.za of per faks na 086 503 7879.
- Die padkaart sowel as die inpaklyste is op die web werf beskikbaar.
- Indien u enige navrae het, kontak gerus vir Chris (kampleier) by 082 922 0021 of Nicolette (kampsekretaresse) by 082 921 5955.

Nogmaals baie dankie,
Vriendelike Voriegroete,

Chris Koukeas
Kampleier